GOD IS ONS TOEVLUG EN REDDING

LUKAS 19: 1-10

Laat my toe om ‘n verhaal te vertel van ‘n vriend wat in sy jeugjare ‘n hunkering in sy gemoed gehad het. Hy het sy skoolloopbaan voltooi waarna hy werk as ‘n versekerings agent verkry het. Hy verhuis toe Johannesburg toe; nog steeds opsoek na ‘n vervulling vir die leemte in sy lewe wat nie versadig kon word nie.

Hy het allerhande vermaaklikheidsplekke besoek en talle gesellighede bygewoon. Hy het later dwelms en drank gebruik en beheer oor himself verloor. Die uiteinde was die dood. Opsoek na ‘n vervulling vir die leegheid wat nooit gestil is nie. Sy toevlug was na die wêreld en so het hy ons toevlugsoord, JESUS CHRISTUS, gemis.

Hier in ons verhaal word Sagguës ‘n soeker. Hy wil met Jesus kennis maak, Alhoewel hy die ryk man- Hooftollenaar van die omgewing was- was die behoefte om Jesus te ontmoet oorheersend.

Ons vind dat sy werklike soektog langsamerhand onthul word. Hy loop Jesus raak waar hy met moeite probeer om Jesus te sien.(Sy dieper behoefte word eers verswyg maar aan die einde word dit duidelik dat hy eintlik ‘verlossing’soek) Omdat Sagguës klein is, klim hy in ‘n boom om Jesus te kan sien. Vir ‘n volwasse, ryk en gesiene man was dit onwaardig om in ‘n boom te klim.

Die skare is ‘n struikelblok vir Sagguës se soeke, hulle verhinder hom om Jesus te sien en daarna maak hulle beswaar omdat Jesus by hom gaan oorbly. Die skare se besware word uit die weggeruim deur Sagguës se voorneme om mense te vergoed en reg te maak wat hy verbrou het.

Exodus 22 vers 1: **“Wanneer ‘n man ‘n bees of ‘n skaap steel en dit slag of verkoop moet hy vyf beeste terug betaal vir die bees of vier stuks kleinvee vir die skaap**”
- dis waar Sagguës vierdubbel belowe om terug te gee.

Saggues wat as skatryk man na sy ontmoeting met Jesus bereid was om sy van aardse besittings afstand te doen. Anders as die ryk man van Lukas 18:22-23 wat nie bereid was om van sy aardse besittings afstand te doen nie – kan ryk mense ook in God se heerskappy deel deur hul besittings anders te gebruik.
Dit wys aan ons dat die gelowiges erns moet maak met die nood van die armes.In die laaste gedeelte bevestig Jesus dat Saggues die redding war hy gesoek het, gevind het.

Sy bekering in vers 19 is reeds ‘n bewys van hierdie redding. Hy is deur die samelewing verwerp en verstoot as gevolg van sy werksomstandighede, maar volgens Jesus is hy ook ;n kind van Abraham.
Daarom kan hy aanspraak maak op die beloftes van verlosssing aan die Jode (volgens Lukas 1:44-55….68-75). Saggues het nie alleen Jesus gesoek nie- dit is per slot van sake wat die Seun van die Mens kom doen het

” *WANT DIE SEUN VAN DIE MENS HET GEKOM OM TE SOEK EN TE RED DIE WAT VERLORE GAAN.”*

AMEN